

JUTA SE
**AFRIKAANSE
TAALBOEKIES**

PARALLEL TAALSERIE
(AFRIKAANS EN ENGELS)
VIR SUID-AFRIKAANSE SKOLE

DEUR
H. H. BROODRYK, B.A.,

LEKTOR IN OPVOEDKUNDE AAN DIE
UNIWEBSITEIT VAN KAAPSTAD.

STANDERD II.
AFRIKAANS.
(GEÏLLUSTREER.)



JUTA & KO., BEPERK

KAAPSTAD.

PORT ELIZABETH.
JOHANNESBURG.

UITENHAGE.

1923.

SKb
372.6
BRO

JUTA SE
AFRIKAANSE
TAALBOEKIES

PARALLEL TAALSERIE
(AFRIKAANS EN ENGELS)
VIR SUID-AFRIKAANSE SKOLE

DEUR

H. H. BROODRYK, B.A.;

LEKTOR IN OPVOEDKUNDE AAN DIE
UNIWERSITEIT VAN KAAPSTAD.

STANDERD II.

AFRIKAANS.
(GEÏLLUSTREER.)



JUTA & KO., BEPERK

KAAPSTAD.

PORT ELIZABETH.
JOHANNESBURG.

UITENHAGE

1923.

Voorwoord.

In die bewerking van hierdie serie is getrag om die volgende beginsels toe te pas :—

1. Die onderwys in die een taal moet heeltemal afsonderlik gehou word van die onderwys in die ander taal. Die kind moet direk leer dink in die taal wat hy leer. Die vertaal-metode word dus nie gebruik nie.
2. Die korrekte taalvorm of taalgebruik is die uitgangspunt, en dien steeds as model vir die leerling. Daar word op aangedring dat hierdie modelle, wat as leesstof die eintlike oefeninge voorafgaan, deeglik studeer word, voor die leerlinge van hulle afstap.
3. Die verkeerde, die onjuiste moet sistematies vermy word. Net op die juiste taalgebruik word nadruk gelê.
4. Betekenis moet nooit aan vorm opgeoffer word nie ; onsin, gesogtheid en kunsmatigheid moet vermy word, selfs waar dit net daarom te doen is om 'n taalverskynsel te verklaar.
5. In die taalles ook moet dit moontlik gemaak word vir die kind om hom in 'n bepaalde appersepsiekring te beweeg. Hy word dus van die staanspoor voor 'n *eenheid* geplaas, waarin en waaromheen hy hom kan oriënteer. Los sinne en toetse moet dus net *betreklik* los wees, in die sin dat hulle aansluit by die eenheid, waarin die kind hom reeds bevind.

6. 'n Sistematiese en formele studie van grammatika het, vir leerlinge op die laër skool teminste, só min en só 'n twyfelagtige soort waarde, dat dit nie die moeite werd is om daar 'n drukte van te maak by die taalonderwys nie.

Die beskaafde *taalgebruik* dien as uitgangspunt en basis van ons onderwysmetode ; die *beskaafde gebruik van die taal*, in sy gesproke en geskrewe vorme, is hoofdoel van ons taalonderwys op die laër skool. Volg ons daardie metode, en bereik ons daardie doel, dan sal ons nie alleen die kind van 'n onontbeerlike wapenrusting voorsien het nie, maar ook in hom die kiem geplant het van 'n liefde vir wat mooi is in die boekewêreld.

Gaarne betuig ek my dank aan Mej. E. C. Laubscher van die Primêre Skool, Tokai, vir haar hulp in verband met die eerste drie boekies van hierdie serie, die leerstof waarvan sy oorsponklik ontwerp het. Die illustrasies in die eerste twee boekies is ook van haar

H.H.B.

Kaapstad,
Februarie 1923.


JUTA SE
Afrikaanse Taalboekies.



1. Lees :

Ma en Pa was Kaapstad-toe vir die dag. Die kinders het tuisgebly. Piet is die oudste seun. Hy was eergister tien jaar oud. Sy Ma het vir hom gesê om die kinders op te pas. Hy het gaan voëls skiet, en glad vergeet om te kyk wat die ander kinders doen.

2. Skrywe 'n kort verhaaltjie omtrent die prentjie.
3. Maak sinne met die woorde : *Fiets, stasie, posseël* en *koevert*.



1. Lees :

Die seuntjie in die prentjie het saam met sy matertjies wegkruipertjie gespeel. Hy loer oor die muur om te sien of hy nie die anders gewaar nie. 'n Mens moet baie oppas anders word jy gevang.

2. Skrywe neer hoe jy wegkruipertjie speel.

3. Wat maak 'n mens met stene?

Waar sit die seuntjie?

Waarheen kyk hy?


Wat speel die kinders?

1. Lees :

Blinddoek.

Die speletjie moet in 'n leë kamer gespeel word. Al die kinders word geblinddoek behalwe een. Die een kry 'n klokke. Hy hardloop saggies rond en lui net die klokke. Die anders wat geblinddoek is moet hom probeer vang. Die een wat hom eerste vang kry dan weer die klokke.

2. Beskrywe enige ander speletjie wat jy ken.
3. Maak 'n storiëjie met die woorde : Perd, appels, meisie, seun, broer, rivier, leeu.
4. Antwoord die vrae :
 - (a) Wat leer jy alles op skool ?
 - (b) Van watter les hou jy die meeste ?
 - (c) Hoeveel dae van die week gaan jy skool ?
 - (d) Hoeveel uur in 'n week gaan jy skool ?



1. Lees :

Miena werk swaar. Sy is die meid in die kombuis. Sy was die klere en skrop die vloer. Die kinders speel lekker buite.

2. Skrywe al die woorde nêr wat aandui wat iemand doen.
3. Skrywe nêr al wat jy in die prentjie sien.
4. Antwoord hierdie vrae in sinne :
 - (a) Hoe laat begin die skool?
 - (b) Hoe laat gaan dit uit?
 - (c) Hoe lank duur die speelyd?

1. Lees :

'n Nuwe Soort Eier.

Eendag stuur 'n vader sy seuntjie om te gaan kyk waarvoor die honde so blaf. Toe Jannie daar kom was die honde met 'n krimpvarkie besig. Hy wis nie wat dit was nie, en hardloop terug huis-toe en skree :

„Pappie, Pappie, die honde het daar 'n ding ; dit lyk my dis 'n ysterverkeier !”

2. Vertel die verhaaltjie oor in jou eie woorde.


3. Skrywe vyf sinnetjies oor 'n hond.

4. Antwoord in sinne :

(a) Wat moes Jannie buite gaan doen ?

(b) Waarmee was die honde besig ?

(c) Wat het hy gesê ?



1. Lees :

Seuns speel graag saam. Hulle kry partykeer
stry. Dit is nie mooi om met mekaar te baklei
nie. As hulle mooi speel sal hulle nooit twis nie.
Dit is lelik om ru te speel.

2. Antwoord in sinne :

- (a) Wanneer leer jy jou les ?
- (b) Wie help jou met jou les ?
- (c) Wat doen meester as jy nie jou les ken nie ?
- (d) Wat noem 'n mens 'n kind wat nie sy les
leer nie ?

3. Skrywe vyf sinne omtrent die les wat jy die meeste
van hou.

4. Skrywe alles neer wat jy in die prentjie sien.

1. Lees :


Die Drywer se Moeilikheid.

'n Reisiger op 'n sekere takspoorlyn was al baie moeg vir die stadige trein. Hy vra toe vir die drywer :

„ Kan jy nie vinniger gaan nie ? ”

„ Ja, ” antwoord die drywer, „ maar jy sien, ek moet by my lokomotief bly. ”

2. Vertel hierdie storie in jou eie woorde.
 3. Skrywe enige ander storietjie wat jyself gelees of gehoor het.
 4. Antwoord die vrae :
 - (a) Hoekom was die reisiger so moeg ?
 - (b) Wat het hy aan die drywer gevra ?
 - (c) Wat was die drywer se antwoord ?
-



1. Lees :

Baie Hande.

Koos nooi 'n klompie maats om te kom vye eet in die tuin. Toe hulle besig is roep Koos se pa: „Koos, jy moet uit die tuin kom; jy eet al die heel dag.” „Ja, Pa,” was Koos se antwoord, „maar baie hande maak ligte werk.”

2. Skrywe 'n kort storie oor die prentjie.

3. Antwoord in sinne :

- (a) Wat het Koos gedoen?
- (b) Wat het hulle toe gedoen?
- (c) Wat het sy Pa gesê?
- (d) Wat was Koos se antwoord?



1. Lees :

In elke land woon daar ander soorte mense.
 Party lande se mense is bruin, anders weer swart
 en party wit. Elke land het sy eie kenmerke.
 In party lande woon daar baie soorte mense.

2. Skrywe neer alles wat jy in die prentjie sien en sê
 waaraan jy kan sien dat dit nie 'n Afrikaanse
 meisie is nie.

3. Vul in :

- (a) Die Engelse woon in Engeland.
 (b) Die Duitsers ,, ,,
 (c) Die Afrikaners ,, ,,
 (d) Die Hollanders ,, ,,
 (e) Die Japanese ,, ,,

1. Lees :


Die Jaargetye,

Daar is vier jaargetye in 'n jaar. Hulle word lente, somer, herfs en winter genoem. In die lente kry ons die lekker weer en die mooi blomme. In die somer is dit weer die tyd van die heerlike vrugte. In die herfs verloor meeste bome hulle blare en begin die weer ook te verander. In die winter reën dit in die Boland, en somtyds kapok dit in die Onderveld.

2. Antwoord in sinne :

- (a) Hoeveel jaargetye is daar?
- (b) Noem die name van die jaargetye?
- (c) Wat kry ons in die lente?
- (d) Noem die name van die maande.?
- (e) Watter maand is die kortste?

3. Skrywe ses sinne omtrent die jaargety wat jy die meeste van hou.



1. Lees :

Kinders hou almal baie van vrugte. Vrugte is gesond. 'n Mens moet meer vrugte as vleis eet. Vrugte kan gedroog word. Droë vrugte is lekker as dit gekook is. Groen vrugte is ongesond.

2. Skrywe alles neer wat jy in die prentjie sien.

3. Antwoord in sinne :

- (a) Watter vrugte eet jy graag?
- (b) Watter tyd van die jaar is dit ryp?
- (c) Watter tyd is lemoene ryp?
- (d) Waar groei die piesangboom?
- (e) Watter vrugte is in die somer ryp?

1. Lees :

'n Snaaks Plek.

'n Boerseun kom vir die eerste maal in 'n stad. Terwyl hy langs een van die strate stap, spring daar 'n hond uit, wat hom wou byt.

Die seun buk dadelik om klippe op te tel, maar al die klippe was vas ingetrap in die straat. „Dit is 'n snaaks plek hierdie,” sê hy, „al die klippe is vas en die honde is los.”

2. Vertel die storietjie nou in jou eie woorde.

3. Antwoord in sinne :

(a) Waar gaan die son onder ?

(b) Waar kom hy op ?

(c) Hoeveel maande is daar in 'n jaar ?

(d) Hoeveel weke is daar in 'n maand ?


4. Een *klip* maar twee *klippe*.

Een *bos* „ „

Een *plek* „ „

Een *ster* „ „





1. Lees :

Party diere hou nie baie van mekaar nie. Hulle baklei as hulle bymekaar kom. Diere eet nie almal dieselfde soort kos nie. Honde hou baie van vleis. Katte hou weer meer van vis en melk.

2. Skrywe 'alles wat jy op die prentjie sien.

3. Antwoord in sinne :

- (a) Hoekom hou diere nie van mekaar nie?
- (b) Wat eet honde graag?
- (c) Wat eet katte graag?

4. Noem vier diere wat nie van mekaar hou nie?

1. Lees :

Wat Oom Kasper vertel.

Oom Kasper loop cendag met sy haelgeweer in die veld om 'n bok te skiet, maar in plaas van hael, het by 'n perskopit in die loop. Dit het hom geluk om 'n skoot op 'n duiker te kry maar hy het die bok net lig gekwes. 'n Tyd daarna loop hy weer in die veld. Daar gewaar hy 'n duiker wat baie mak was. Maar toe Oom Kasper nader stap, spring die bok op met 'n boompie op die rug.

2. Vertel die storie oor in jou eie woorde.
 3. 'n Klein vis is 'n vissie.
'n Klein bok is 'n
'n Klein rug is 'n
 4. Vertel iets van 'n piekniek of 'n wandeling in die veld.
-



1. Lees :

Party kinders is baie wreed. As hulle 'n diertjie sien, wil hulle dit net altyd doodmaak of seermaak. Voëltjies word geskiet of gevang en dan in 'n koutjie gehou, totdat hulle vanself doodgaan.

2. Skrywe 'n storietjie oor die prentjie.
3. Skrywe vyf sinnetjies oor die voëltjie wat jy die beste ken.
4. Noem verskillende soorte voëltjies, en vertel hoe hulle lyk.

1. Lees :

Kat en Muis.

Om die speletjie te speel staan die kinders almal in 'n kring. Twee kinders word gekies, een is die kat, die ander is die muis. Die ander kinders vat hande en hou dit op, sodat die kat en muis maklik kan onderdeur hardloop. Die kat moet die muis vang, maar moet deur dieselfde openinge hardloop as die muis.

2. Vertel nou die speletjie oor in jou eie woorde.
 3. Maak sinne met die woorde : *kind, brood, mak, oop, loop.*
 4. Antwoord in sinne :
 - (a) Hoe moet die kinders staan vir diespeletjie ?
 - (b) Wat moet die kat doen ?
 - (c) Hoeveel word gekies ?
 - (d) Wat moet die twee kinders doen ?
-



1. Lees :

Aan die Strand.

Klein Lena van die Transvaal was vir die eerste keer aan die strand.

Eendag sien sy 'n stoomskip en roep uit :
„Ma, Ma, kom kyk gou hier, daar is 'n lokomotief
wat baai.”

2. Skrywe alles neer wat jy in die prentjie sien.

3. Antwoord in sinne :

- (a) Wie was al aan 'n strand ?
- (b) Wat is daar te sien ?
- (c) Wie het al 'n stoomskip gesien ?
- (d) Hoekom hou jy van die strand ?

1. Lees :

Die kat is 'n mak diertjie. Sy hare is sag. Sy stert is lank. Die kat kan in die donker beter sien as in die lig. As jy 'n kat seermaak, dan krap hy jou. Sy naels is skerp. Die kat eet graag muise en rotte. Soms vang hy ook voëltjies. Die kat slaap graag waar dit warm is. Hy kan baie sag loop, want hy het kussinkies onder sy pote.

2. Antwoord in sinne :

- (a) Watter soort diertjie is 'n kat?
- (b) Hoe is sy hare?
- (c) Wat maak die kat as jy hom seermaak?
- (d) Wat eet die kat graag?
- (e) Waar slaap die kat graag?
- (f) Hoekom kan die kat sag loop?

3. Maak 'n kort storiëtjie met die woorde: Kat, melk, muisval, kind.

4. Gee die meervoud van die woorde: neus, mond, oor, haar, hand, tand.



1. Lees :

'n Muisie is 'n klein diertjie. Hy is vaal van kleur. 'n Muisie het 'n spits bekkie, klein bruin ogies en ook klein oortjies. Hy het 'n lang stertjie en dun beentjies. Die muisie is 'n skelm diertjie. Hy eet graag kaas. Die muis word in 'n muisvalletjie gevang.

2. Antwoord in sinne :

- (a) Watter kleur is 'n muisie ?
- (b) Hoe is sy bekkie ?
- (c) Hoe lyk sy ogies en oortjies ?
- (d) Hoe is sy stertjie en beentjies ?
- (e) Wat eet 'n muisie graag ?
- (f) Hoe kry hy dit in die hande ?

3. Vul in :

Die tande van 'n kat is skerp.


Die stert van 'n muis is

Die eier van 'n vink is

Die kleur van my rok is

Die kleur van my hare is





1. Lees :

Jan en Miena het die hele dag rondgeloop. Hulle het glad vergeet om huis-toe te gaan. Toe hulle sien, was dit donker en hulle was ver van die huis. Miena was nog klein, en sy begin toe te huil.

2. Maak die storietjie klaar en sê wat Jan met Miena gemaak het toe sy begin huil het.
3. Die meervoud van perd is perde : Gee nou die meervoud van die woorde : Kat, hond, kar, eend, gans en vis.

1. Lees :

Die wolke en berge,
 Het kleure van goud ;
 Daar's kleure van purper
 Op rande en woud.
 Die son gaan nou onder,
 Die aand kom weer aan ;
 Dis tyd vir ou kleintjies
 Om huis-toe te gaan.

2. Skrywe die versie oor.

3. Wat is die kleur van die wolke en berge ?

Watter kleure is daar op die rande en op die woud ?

4. Vertel in jou eie woorde wat jy van die versie verstaan.

5. Vul in die woorde :

'n Klein kind is 'n kindjie.

'n Klein hond is 'n

'n Klein kat is 'n

'n Klein huis is 'n

'n Klein stoel is 'n

'n Klein tafel is 'n

1. Lees :

Reeds word in die nessies
 Die voëltjies gesus ;
 Die skapies en bokkies
 Kom kraal-toe en rus.
 Alleen skree die kriekies
 En paddas en sê :
 „ Dis tyd vir ou kleintjies
 Om warmpies te lê.”


2. Skrywe die versie oor.

3. Antwoord in sinne :

- (a) Wanneer vlie die voëltjies nes-toe ?
- (b) Wat skree die kriekies ?
- (c) Wat kom in die aand kraal-toe ?

4. Die enkelvoud van *berge* is *berg*. Gee die enkelvoud van hierdie woorde : *skape, stoele, tafels paddas, messe, lepels, krieke*.


5. Maak sinne met die woorde in vraag 4.



1. Lees :

Lena en Miena is twee sustertjies. Lena is 'n soet en gehoorsame kind. Miena is stout en luister nooit na haar Ma nie. Eendag was Miena weer baie stout. 'Toe het sy 'n pak sla gekry. Sy het baie gehuil, en moes in die kamer sit. Daarna was Miena nie weer ongehoorsaam nie.

2. Maak jou eie storiëtjie oor die prentjie en noem die meisietjie Miena.
3. Vertel wat jou Ma met jou doen wanneer jy stout is.



1. Lees :

In 'n speelkamer lê daar altyd baie speelgoed rond. Elke huis moet 'n speelkamer hê, waar die kinders kan voel dat hulle baas is. As kinders 'n speelkamer het, behoort hulle dit mooi netjies te hou.

2. Noem op alles wat jy in die prentjie sien.
3. Maak 'n storiëtjie met die woorde : Seuns, speelkamer, slorderig, Ma, kwaad.
4. Vul in :


Die Engelse praat Engels.

Die Hollanders ,,

Die Afrikaners ,,

Die Franse ,,

Die Duitsers ,,



1. Lees :

As ek ses jaar oud is, gaan ek skool-toe. Ek wil graag al gaan, want my suster sê, dat dit lekker is om skool te gaan. Op skool leer die juffrou vir hulle mooi versies. My suster teken ook prentjies. Sy kan al 'n kat teken. Ek gaan môre saam met haar na die skool.

2. Vertel wat jy in die prentjie sien.

3. Vertel iets van jou eerste dag op skool.

4. Antwoord in sinne :

(a) Hoe laat gaan die kinders skool-toe ?

(b) Wanneer kom hulle weer huis-toe ?

(c) Hoe oud is jy ?

(d) Hoe oud was jy, toe jy skool-toe gegaan het ?

1. Lees :

Piet was 'n seuntjie wat gerook het. Die predikant het daarvan geweet. Hy kom eendag by Piet se ouers, en kry vir Piet ook tuis. Hy praat toe met hom, en vra hom of hy weet waar kinders gaan wat rook. „Ja, Meneer,” sê Piet, „hulle gaan agter die skaapkraal.”

2. Vertel die storiëtjie nou in jou eie woorde.

3. Skrywe in woorde : 8 ; 13 ; 7 ; 15 ; 20 ; 26.

4. Die meervoud van *skaap* is *skape*. Gee nou die meervoud van die woorde : *kraal*, *boom*, *haas*, *been*, *muur*.

5. Antwoord in sinne :

- (a) Wat het Piet graag gedoen ?
 - (b) Wie het daarvan geweet ?
 - (c) Wat het die predikant hom gevra ?
 - (d) Wat was Piet se antwoord ?
-

1. Lees :

Soldate en Rowers.

Vir hierdie speletjie word die kinders in twee klompe verdeel. Een klomp is soldate en die ander klomp rowers.

Die rowers staan aan een ent van die speelgrond, en die soldate aan die ander ent. Die soldate staan stil, en die kaptein sê : „Rowers vorentoe.” Dan loop hulle tot hy sê : „Rowers val plat ; rowers skiet.” Hulle maak dan of hulle skiet, en klap op die grond met hulle hande. Sodra die kaptein sê : „Soldate, vang hulle,” moet die rowers opspring en hardloop voor hulle gevang word. Die wat gevang word, gaan na die soldate se kant.

2. Vertel hoe 'n mens „Soldate en Rowers” speel.
3. Beskrywe enige ander speletjie wat jy ken.
4. Antwoord die vrae :
 - (a) In hoeveel klompies word hulle verdeel ?
 - (b) Wat word elke klompie genoem ?
 - (c) Wat sê die kaptein aan die rowers ?
 - (d) Wat sê hy aan die soldate ?
 - (e) Wat doen die rowers dan ?



1. Lees :

As Ma baie besig is, stuur sy ons om die dag in die veld deur te bring. Sy gee ons kos en vrugte vir die dag. Ons trek ons ou klere aan, sodat ons kan lekker speel. Partykeer gee sy ook vir ons koffie om in die veld te drink. Net as Karel saam gaan mag ons koffie maak.

2. Antwoord in sinne :

- (a) Wat doen Ma as sy baie werk het ?
- (b) Wat kry hulle alles ?
- (c) Wat trek hulle aan ?
- (d) Hoekom kry hulle net koffie as Karel saam gaan ?

3. Skrywe iets omtrent die prentjie.

4. Vertel wat julle doen as julle uitgaan in die veld

1. Lees :

Die Karretjie val om.

'n Seun van ag jaar stoot eendag die karretjie, waarin sy broertjie was. Sy Ma was winkel-toe en hy wou ook daarheen gaan. In die pad agter hom het 'n maat van hom aangekom. Meteens roep sy maat hom, en hy kyk om. Voor hom was 'n groot klip. Die kar se wiel raak die klip, en daar lê sy broertjie op die grond. Die kindjie het baie seergekry.

2. Vertel wat gebeur het.
3. Vertel enige ongeluk wat jyself al gesien het.
4. Antwoord in sinne :

- (a) Waar was die seun se ma ?
 - (b) Hoe oud was hy ?
 - (c) Wie was in die karretjie ?
 - (d) Wie het agter aangekom ?
 - (e) Wat het met die kar gebeur ?
 - (f) Wat het die kleintjie oorgekom ?
-

1. Lees :

Wegkruipertjie.

Daar was eendag drie seuntjies : Piet, Willie en Klaas. Hulle ma het gaan kuier en hulle moes tuisbly. Hulle het wegkruipertjie begin te speel. Klaas was die jongste van hulle, en kon dus in klein plekkies wegkruip. Hulle het nie te lank gespeel nie of Klaas maak sy Ma se meelkis oop en kruip daarin.

2. Maak 'n verhaaltjie klaar en sê wat met Klaas gebeur het.
 3. Vertel iets van jou laaste kuier.
 4. Antwoord die vrae in sinne :
 - (a) Waarheen het die kinders se Ma gegaan?
 - (b) Wie was die jongste van die drie?
 - (c) Wat het hulle gespeel?
-

1. Lees :

Die Plaas.

Karel en Jan is broers. Hulle woon op 'n plaas. Die plaas is nie ver van die dorp nie. Op die plaas hou hulle Ma baie pluimvee aan. Daar is ook 'n groot dam op die plaas. Die eende en ganse swem op die water.

2. Vul die woorde in wat makeer.

(a) 'n Gans is as 'n eend.

(b) Klaas is as Piet.

(c) Die perd is as daardie cen.

3. Skrywe die name van ses soorte pluimvee.

4. Vertel enige kort verhaaltjie wat jy ken.

5. Antwoord :

(a) Waar woon Karel en Jan?

(b) Wat is daar op die plaas?

(c) Waar is die eende?

1. Lees :

Die Ontbyttafel.

Op die eettafel kom baie goed. Die messe, lepels en vurke moet altyd blink. Die borde moet ook skoon wees. Aan tafel mag ons kinders nie baie gesels nie. Ma sê: „ Kinders moet gesien word maar nie gehoor word nie.”

2. Skrywe die lessie netjies oor.
3. Sê wat elkeen is :
- Voorbeeld : 'n Peer is 'n vrug.
 'n Mossie is 'n
 'n Pruim is 'n
 'n Skaap is 'n
 'n Geelbek is 'n
 'n Roos is 'n
4. Vertel 'n kort storiëtjie wat jy al self gelees het.
5. Skrywe die name van ses dinge wat op 'n ontbyt-tafel gesit word.
-

1. Lees :

Ons Slaapkamer.

- In ons slaapkamer staan drie bedjies. Op die een slaap my broer, en op die ander een slaap ek. Die derde een word nie gebruik nie, behalwe wanneer ons 'n maat kry om Saterdag by ons te kuier. Ons moet ons kamer baie netjies hou anders word Ma kwaad.
2. Maak 'n kort storiëttjie met die woorde : Slaapkamer, hoender, kinders, aand, uitja.
 3. Skrywe die name van die dae van die week, en sê wat jy elke dag doen.
 4. Antwoord in sinne :
 - (a) Hoeveel dae in 'n week?
 - (b) Hoeveelste dag is Woensdag?
 - (c) Wat is die laatste dag van 'n week?
 - (d) Wat is die eerste dag van 'n week?
-

1. Lees :

Daar lê die Moeilikheid.

Stoffel bring sy vrind 'n besoek. Toe hy naby die huis kom, blaf die groot hond. Stoffel was 'n bietjie bang en vra sy vrind om die hond te roep.

Maar die vrind antwoord : „Stoffel man, jy ken mos die spreekwoord, „Honde wat blaf byt nooit nie.’ ”

„Ja,” sê Stoffel, „ek en jy ken die spreekwoord, maar ken die hond dit? ”

2. Antwoord in sinne :

- (a) Wie het by sy vrind gaan kuier?
- (b) Wat het gebeur toe hy naby kom?
- (c) Wat het Stoffel aan sy vrind gevra?
- (d) Wat het sy vrind geantwoord?
- (e) Wat het Stoffel toe gesê?

3. Maak 'n storiëtjie met die woorde : *Jagter, honde, tier, geskiet, vrou.*

1. Lees :

Die Somer.

In die somer is al die bome groen. Dan is dit ook tyd vir die lekker vrugte. Die dae is dan lank, en die nagte kort. In die somer oes die boere hulle graan.

2. Skrywe die name van drie soorte graan.

3. 'n Klein kind is 'n kindjie.

'n Klein tafel is 'n

'n Klein kat is 'n

'n Klein hoed is 'n

'n Klein boer is 'n

'n Klein mes is 'n

'n Klein boom is 'n

4. Maak sinne met die woorde : groen, kerse, knoppe, riet, ploeg, duiwe.

5. Antwoord :

(a) Hoe lyk die bome in die somer ?

(b) Wanneer is die dae kort ?

(c) Wat maak die boere in die somer ?

1. Lees :

Hier is lekker ryp pere. Hulle kom uit ons tuin. Die boompies is nog maar vier jaar oud. Ons het hulle self geplant. Die eerste twee jaar was die boompies baie klein, en moes hulle baie goed opgepas word. Hulle word elke jaar gesnoei. Verlede jaar was daar nie baie vrugte nie, want die ryp het dit verniel.

2. Vul woorde in wat aandui wat die ding doen :

Voorbeeld : Die man *werk* in die tuin.

- (a) Die kind buite.
- (b) Die vrou swaar.
- (c) Die duif hoog.
- (d) Die hond hard.
- (e) Die kat melk.
- (f) Die muis kaas.

3. Skrywe ses sinne omtrent vrugtebome.

4. Antwoord in sinne :

- (a) Hoe lyk die meeste bome in die winter ?
 - (b) Wanneer begin die bome te bloei ?
 - (c) Watter soort vrugte kry ons in die winter ?
-

1 Lees :

Diere.

Ons het baie nuttige diere. Die skaap is een van hulle. Ons het skape, bokke en pluimvee op ons plaas. Die jakkals is 'n skelm dier. Hy steel graag pluimvee en skape. Maar ons vang baie jakkalse.

2. Antwoord in sinne :

(a) Watter nuttige diere het ons ?

(b) Watter dier is baie skelm ?

(c) Wat steel hy graag ?

(d) Hoe vang 'n mens jakkalse ?

3. Noem die name van vier diere en sê waarvoor hulle gebruik word.

4. Maak 'n storiëtjie met die woorde : Kind, bosse, wolf, huisie en vrou.

5. Skrywe die boonste lessie netjies oor.

6. Vertel 'n paar stories van Jakkals.

1. Lees :

My klein seuntjie gaan nou dorp-toe. Sal jy saam met hom gaan? Laaste keer het hy alleen gegaan. Die aand moes ek iemand stuur om hom te haal. Toe hy by die huis kom, het hy sla gekry. Nou wil ek hom nie weer alleen laat gaan nie, want hy weet nooit wanneer om terug te kom nie.

2. Antwoord in sinne :

- (a) Hoekom het die moeder iemand saam gestuur met die seun?
- (b) Wat het hy so laat in die dorp gedoen?
- (c) Wat het met hom gebeur toe hy laat gekom het?

3. Vul die woorde in wat pas :

Voorbeeld : 'n Hond blaf.

'n Haan

'n Skaap

'n Perd

'n Predikant

'n Voël

.. Lees :

Die Gulsige Man.

(1).

Daar was eenkeer twee maats, Jan en Piet. Hulle het altwee lang neuse gehad. Piet was baie arm en eennag het hy in die bos gaan slaap. Terwyl hy daar lê sien hy 'n gat in die grond. Hy kruip toe somaar in, en vind dat hy in 'n mooi kamer is. In die kamer was 'n klomp klein mannetjies en hulle sing net altyd : „Maandag, Dinsdag, Maandag, Dinsdag.” „Hoekom sing julle nie liewer Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag nie ?” sê Piet. Hulle sing dit toe ook, en vra hom wat hulle vir hom kan doen. Piet vra of hulle sy neus korter kan maak. Hulle doen dit toe en gee hom ook 'n sak met geld en sê : „Haal uit soveel as jy wil hê.” Piet neem toe die helfte en gaan dorp-toe, waar hy sy maat ontmoet. Hy vertel toe alles aan Jan.

1. Vertel die storie in jou eie woorde.

2. Antwoord in sinne :

- (a) Hoe was die twee maats se name ?
- (b) Wat het hulle albei gehad ?
- (c) Wat het Piet eennag gedoen ?
- (d) Wat het hy in die kamer gesien ?
- (e) Wat het die mannetjies gedoen ?
- (f) Wat het hulle vir Piet gedoen ?

1. Lees :

Die Gulsige Man.

(2).

Die volgende nag het Jan ook in die bos gaan slaap en ook in die gat gekruip. Die klein mannetjies sing weer : „Maandag, Dinsdag, Maandag, Dinsdag.” Jan vra toe vir hulle hoekom hulle nie Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag, Vrydag, Saterdag, Sondag sing nie. Hulle word toe somaar kwaad, want hulle was heidens en hoor nie graag die woord Sondag nie. Hulle vra hom toe wat hy soek. „Ek soek wat Piet agtergelaat het.” „Goed,” sê die mannetjies. Hulle haal toe Piet se lang neus uit 'n sak, en plak dit op sy neus. Toe Jan in die dorp kom was sy neus tweekeer so lank as voorheen.

2. Vertel nou die hele storie in jou eie woorde.

3. Vul in :

'n Mannetjie is 'n klein man.

'n Handjie

'n Koppie

'n Stoeltjie

'n Tafeltjie

'n Koppietjie